

Saterdag 22 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 22:12-21

Fokusgedeelte: Openbaring 22:18; HK Sondag 25, Vraag 68

Hoeveel sakramente?

Met hierdie Vraag en Antwoord word duidelik standpunt ingeneem teen die Rooms-Katolieke Kerk (RKK), omdat hulle sewe sakramente het. Die sewe is die volgende: ^{1.} *Die doop*. Die krag van die doop is volgens hulle daarin geleë dat dit die erfsonde afwas en die wedergeboorte tot stand bring. Daarom moet die kind so gou as moontlik na geboorte gedoop word, want wie ongedoop sterwe, gaan verlore. ^{2.} *Die vormsel* (konfirmasie). Dit is die tweede sakrament wat 'n kind ontvang en kan reeds op die ouderdom van ongeveer sewe jaar bedien word. Daardeur verleen die Heilige Gees aan kinders die krag om standvastig te bly in die geloof wat hulle by hulle doop ontvang het. ^{3.} *Die eucharistie* (nagmaal). Dit dien om geloof te versterk. Volgens die RKK verander die brood en wyn in die werklike liggaam en bloed van Christus. ^{4.} *Die bieging* (boetedoening). By die bieging moet die persoon berou oor sy sondes betoon, dit aan 'n geordende priester vertel en bereid wees om tydelike strawwe wat die priester oplê, te aanvaar. Daarna vergewe die priester sy sondes in die Naam van God. ^{5.} *Die laaste oliesel*. As 'n persoon sterwend is, word die priester geroep sodat die sterwende sy sondes voor hom kan bely. Daarna word sy ledemate (soos sy oë, ore, neus, lippe, hande en voete) met olyfolie gesalf met die verklaring van die priester dat God sy sondes wat hy met die ledemate begaan het, vergewe. ^{6.} *Die huwelik*. Deur die huweliksbevestiging word die infrastruktuur geskep sodat man en vrou lewenslang aan mekaar die sakrament van die huwelik kan bedien. ^{7.} *Die priesterwyding*. Hierdeur kry die priester van die biskop die mag en bevoegdheid om sondes te vergewe en alles te doen wat hy vir sy roeping nodig het. In 'n sekere sin is dit die belangrikste sakrament van die RKK, omdat die priester en sy werk die voorwaarde vir die hele kerklike lewe is. Alles hang van die priester af.

Van hierdie sewe sakramente erken die reformatoriese kerke net die doop en die nagmaal. Die rede daarvoor is voor die handliggend: die doop en die nagmaal is die enigste sakramente wat volgens die Skrif deur Christus ingestel is – volgens Matteus 28:19 die doop en volgens Matteus 26:26-29 die nag-maal. Van die instelling van enige ander sakramente word niks in die Skrif gesê nie.

Daarom voeg die RKK iets aan die Skrif toe wat nie van die Here af kom nie. Daarteen waarsku die Here: “As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaas byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is” (Op. 22:18; vgl. Deut. 4:2).